# ***Graad 4: Inligtingsdokument 2016***

**Registeronderwyseresse vir graad 4: Mevv Protea Knobel [pknobel@jancelliers.co.za]; Marion Lopes [mlopes@jancelliers.co.za], Liandrie Roodt (lroodt@jancelliers.co.za) en Wilma de Clerk [media@jancelliers.co.za]**

1. Wat maak graad 4 anders as graad 3?
   - Meer vakke
   - Meer onderwysers
   - Wissel klasse
   - Termyntoetse
   - Eksamen
   - Differensiasie in 3 hoofvakke: Afrikaans, Engels & Wiskunde
   - Kampe
   - Huiswerk

- **Meer vakke**

**Akademiese vakke**:
Afrikaans, Engels, Wiskunde, Aardrykskunde, Geskiedenis, Natuurwetenskap, Tegnologie, Zoeloe
**Nie-akademiese vakke**:
Inligtingsvaardighede, Rekenaarvaardighede, Kuns en kunswaardering, Klasmusiek, Bybelonderrig, Liggaamlike Opvoeding

- **Meer onderwysers**

- **Wissel klasse**
  Nie 'n nuwe konsep nie, reeds van graad 1 af
  Onthou om alles saam te dra: pennesakkie, skoene, baadjie & kosblik
  Gebruik die sluitkas en kry 'n kombinasieslot.
  Merk asseblief alle artikels.
  Pak tasse daagliks volgens rooster.

- **Termyntoetse**
  Elke Vrydag (een van die volgende): Afrikaans, Engels, Wiskunde, Geskiedenis, Aardrykskunde & Natuurwetenskap
  Toetse is duidelik uiteengesit in die beplanningsgids. Beplanning is hier van kardinale belang.

Een maal per termyn skryf hulle ook Algemene Kennis & Bybelonderrig

- **Weeklikse toetse**
  Dinsdae: Wiskunde
  Woensdae: Afrikaans
  Donderdae: Engels

- **Eksamen**
  Slegs die drie 3 hoofvakke: Afrikaans, Engels en Wiskunde.
  Deel tale op in komponente, nl. Begripstoetse-, taal- en letterkunde-vraestelle

- **Differensiasie.**
  Leerlinge kan in elke groep teen hulle eie tempo werk en dis glad nie 'n etiketering van hoe slim u kind is nie. Hulle blom waar hulle geplaas is en baie meer individuele aandag kan in sulke klasse aan leerlinge gegee word.

- **Kampe**
  Kampe leer kinders onafhanklikheid & verantwoordelikheid. Daar sal kampe vir koor, netbal en CSV wees.

- **Huiswerk**

  Tuiswerk is noodsaaklik vir 'n paar voor-die-hand-liggende opvoedkundige redes:

  - om werk wat in die klas gedoen is, te konsolideer,
  - om die kind die geleentheid te gee om sekere leerstof van buite te leer (want hoewel ons klem op probleemoplossing, die ontwikkeling van denkvaardighede en kreatiwiteit lê, moet 'n mens ook 'n basiese kennis vaslê),
  - om sekere vaardighede soos lees en skryf in te oefen, en
  - om die kind selfwerksaamheid en navorsingsvaardighede te leer.
  - om leerlinge tegemoet te kom sonder om standaarde te beïnvloed,

  - **Akademiese termynbeplanningsrooster**
    Onderwysers kyk fyn na die noodsaaklikheid en sinvolheid van alle tuiswerk wat gegee word deur 'n volledige opname te maak van tuiswerk wat oor 'n week gegee word. Ons streef daarna om 'n graad 4-leerling nie meer as 'n 1¼ tot 1½ uur per dag tuiswerk te gee nie,
  - Langer projekte word lank voor die tyd gegee.
  - **Toetsrooster**
    Alle toetse word op 'n rooster geplaas om te verseker dat nie meer as een lang toets op een dag geskryf word nie (spel- en tafeltoetse tel nie as lang toetse nie),

- Geen onderwyser wat op 'n Vrydag klas gee, sal tuiswerk vir die Maandag na die naweek gee nie. Leerlinge mag egter tuiswerk hê vir die Maandag wat die vorige Maandag reeds gegee is,
- Onderwysers neem die <u>sport- en jaarprogram</u> van die skool in ag wanneer tuiswerk gegee word,
- Tuiswerk word met omsigtigheid gegee en dis vir ons belangrik dat die belange van die kind altyd vooropgestel word. 'n Onderwyser sal <u>uitstel</u> gee aan 'n kind wat die vorige aand, byvoorbeeld, tot tienuur geswem het.

- **Deurlopende evaluering**

  Ons volg 'n beleid van kontinue evaluering, wat veronderstel dat die kind deurlopend moet bewys lewer van sy vordering op verskeie vlakke. Dit word op verskeie maniere gedoen, nl. deur

- die evaluering van mondelinge bydraes in die klas,
- die kind se bydrae in groepsverband,
- die evaluering van sy tuiswerk,
- korter spel- en dikteetoetse,
- tafeltoetse en hoofrekentoetse,
- die evaluering van sy werk in sy boeke (hier is die maatstaf netheid, korrektheid en ordelikheid),
- lees- en begripstoetse (mondeling of skriftelik),
- die evaluering van praktiese werk,
- langer toetse waarvoor groter of kleiner volumes werk onder die knie gekry moet word, ens.

In party gevalle sal 'n kort toetsie van 5 of 10 punte genoeg wees om te bepaal of 'n leerling

(a) aandag gegee het in die klas, of
(b) wel die werk die vorige aand hersien het. Sulke 'toetse' het ook hulle plek. Hierdie soort toetse verg egter uit die aard van die saak minder voorbereiding as toetse waarvoor leerlinge 'n groter volume werk moet baasraak. Ander toetse, soos begripstoetse,word nie eens aangekondig nie, omdat leerlinge nie daarvoor kan leer nie.

Wat egter belangrik is, is dat voorbereiding vir die meeste toetse onvermydelik is.

***<u>RIGLYNE OM U LEWE TE VERGEMAKLIK</u>***

1. Die gebruik van die **beplanningsgids** is van kardinale belang om 'n kind se werk te beplan. Dis die kommunikasiekanaal tussen die skool en die ouer. Kyk gereeld daarin en <u>stel ons in kennis as u kind niks daarin skryf nie</u>. Alle tuiswerk word op die bord geskryf en leerlinge kry tyd om dit af te skryf. Onderwysers sal ook deur die klas loop en kyk dat leerlinge die werk by die regte datum inskryf.

2. **Struktureer u kind se week – beplan** saam sy week rondom die skoolaktiwiteite. Blok die belangrike datums in op 'n kalender, of in sy dagboek. Maak voorsiening vir sport en kulturele aktiwiteite, maar ook vir tandarts,

haarsny, en ander noodsaaklike dinge. Indien u enigsins kan, maak a.u.b. afsprake na skool.

3. Besluit saam op die **TV-programme** wat u kind mag sien en blok dit in. Hou dit maar min! Dieselfde geld vir Wii en Nintendo.

4. Elke kind is ‘n indiwidu en ontwikkel teen sy eie pas. Aanvaar u kind en moet hom nie met ander vergelyk nie. Party kinders sal meer tyd aan sport afstaan, ander meer aan kulturele aktiwiteite, ander weer meer aan die akademiese sy. Party wil net speel en dis ook baie belangrik.

5. Daar is ook leerlinge wat op alle gebiede uitblink. Hulle dryf hulleself en moet dikwels teen hulself (en soms teen hul ambisieuse ouers!) beskerm word.

6. Die volgende aanbevelings deur opvoeders is ‘n rowwe gids waarvolgens u u kind se tyd kan struktureer:

| | Tuiswerk | Kultuur (musiek, ens) | Sport |
|---|---|---|---|
| Gr 4 | 1½ uur | 45 min | 1½ uur |
| Gr 5 | 1½ - 2 uur | 45 min | 1½ uur |
| Gr 6 | 1½ - 2 uur | 1 uur | 1½ uur |
| Gr 7 | 2 – 2½ uur | 1 uur | 1½ uur |

As u reken u kind spandeer buitensporig baie tyd aan tuiswerk, moet u ons daarvan in kennis stel. Ons kry van tyd tot tyd ‘n kundige om met die leerlinge oor **studiemetodes** te praat. Vakonderwysers gee ook raad en riglyne oor hoe om te studeer.

7. Sorg dat u kind alles het wat hy benodig. Dit is ‘n verleentheid, en dit mors kosbare tyd, as hy nie ‘n potlood, pen, uitveër, skêr, liniaal, sakrekenaar of kleurkryte het nie. Merk asb. ook hier alles.

8. Elke kind moet ‘n plekkie hê waar hy kan studeer. Sy boeke moet op ‘n boekrak staan en sy week se rooster moet duidelik opgeplak wees.

9. Laat hom die aand vantevore reeds die tas pak! Net die boeke wat hy nodig het. Kyk in die dagboek in geval daar ‘n verandering is. Dit gebeur nie dikwels nie, maar dit gebeur soms. So kan hy sommer sien of al sy tuiswerk afgehandel is. Teken die dagboek as die werk afgehandel is.

10. Leer hom om vooruit te **beplan**. Vir projekte, opstelle, take, ens., word soms ‘n maand of meer tyd gegee. Dit word ingeskryf by die datum wanneer dit ingehandig moet word. Hy moet dit in gedagte hou.

11. Dring aan daarop dat u kind netjies werk. Op die manier help u hom om ordelikheid en noukeurigheid aan te leer.

**“I am not a teacher, only a fellow traveler of whom you asked the way. I pointed ahead – ahead of myself as well as of you. “George Bernard Shaw**

12. ***STEL BELANG IN SY WERK.*** Teken sy toetse. Een swak toets gaan nie 'n kind laat druip nie, want daar kom 'n magdom ander punte by. Maar as u bekommerd is oor 'n tendens wat u by u kind bespeur, maak asseblief 'n afspraak met sy vakonderwyser of registeronderwyser. Hulle kan natuurlik ook van hulle kant u kontak as hulle bekommerd is/

13. **Eksamens en toetse**: Ons leerlinge het reeds in Graad 3 toetse geskryf. Nou skryf hulle in alle vakke gereeld toetse. Ons leer hulle hóé. Ons is rustig oor toetse, want die kind is maar net in Graad 4. Eksamens word slegs in 3 vakke geskryf: Afrikaans, Engels en Wiskunde. Hoewel die tydsduur van die eksamen langer is as die toetse, toets ons dieselfde werk op dieselfde manier. Ons leer hulle rustig hóé om eksamen te skryf – wees u ook asseblief rustig.

*14.* **Studiekursus.** *Mev. Wilna Greyling : Opvoedkundige sielkundige*

***Datums:*** ***22 – 23 Januarie***
***29 – 30 Januarie***
***5 – 6 Februarie***
***12 - 13 Februarie***

***Wat behels dit?***

Elke ouer kan self kies watter datum hom die beste pas. Die kursus vind plaas op die onderskeie naweke vanaf 15:30 op die Vrydag middag tot ongeveer 18:00. En op die Saterdag vanaf 8:30 - 15:00.

Kursus word aangebied vir 'n ouer en sy kind - geen leerder sal sonder 'n volwassene geakkommodeer kan word nie. Die ouer en die leerder word dus bemagtig in die proses waar die kind eerstens sy eie profiel gaan ontdek en tweedens gehelp sal word om verskillende studiemetodes te kan gebruik.

Tydens die kursus word daar onder meer aandag aan die volgende aspekte gegee: tydbeplanning, doelwitstelling, motivering en goeie studiegewoontes. Vyf verskillende metodes word hanteer en die leerders sal gehelp word om hulle beste passing met 'n metode te ontdek. Alle metodes word prakties met 'n werklike stuk werk ingeoefen.

***Koste:*** Dis ingesluit in die skoolfonds. Mev Greyling bied ook aan om teen 'n addisionele koste 'n profiel van die leerder saam te stel. Haar nommer as u dit met haar wil bespreek: **083 309 8364**

15. Moedig u kind aan om te **lees**. Lees saam met hom. Lees u ou gunstelinge vir hom. Ook gedigte wat u ontroer of vermaak het. Kinders is ons grootste bewonderaars en volg ons voorbeeld na. Soek vir hom boeke en tydskrifte binne sy belangstellingsveld. Kom besoek ons mediasentrum na skool en neem van die pragtige boeke op ons rakke uit. Skryf hom in as lid van die munisipale biblioteek.

16. Stel ons asseblief in kennis indien u kind spesiale medikasie moet kry of 'n bril moet dra. Kinders is soms selfbewus oor die bril en steek dit in hulle tas weg en die onderwysers is totaal onbewus van die gesigsprobleem. Ons sal dit op 'n taktvolle manier hanteer.

## ***HOOFVAKKE***

1. Die twee tale werk baie nou saam. Ons behoort tot dieselfde taalfamilie, ons dek taalkundig dieselfde taalpatrone, en ons volg dieselfde struktuur in die twee vakke.

2. In Engels word die standaard van die vak aangepas by ons Afrikaanssprekende leerlinge. Geleidelik, jaar vir jaar, word die standaard hoër, en in Graad 6 en 7 is hulle volwaardig op moedertaal-standaard. Dít op sigself is al 'n geweldige verryking en verg harde werk.

3. Op die oomblik werk ons aan **woordeboekvaardighede.** Ons beveel aan dat u die ***Oxford Advanced Learner's Dictionary*** vir u kind aanskaf. As hy dit goed oppas, het hy die gebruik daarvan vir die res van sy lewe. Die woordeboek kos ± R155 en is beskikbaar by Van Schaik Boekwinkel in Braamfontein, asook by die CNA en ander boekwinkels. Ons het ook 'n woordeboek teen 'n baie spesiale prys bekom en dit sal in die klas gehou word. Die ander een bly dan by die huis vir u gebruik.

4. Ons beveel ook aan dat u 'n goeie **tweetalige woordeboek** besit, sodat u kind, wat nou Engels op eerste taal-vlak neem, in die gewoonte kan kom om woorde na te slaan.

*5.* Praat die beste Afrikaans wat u moontlik kan met u kind. Die vermoë om flink en korrek te vertaal is 'n vaardigheid van onskatbare waarde en sluit baie verduideliking uit. Ons moedertaal bevat al die terminologie wat ons nodig het in 'n industriële, gemeganiseerde samelewing, asook die gevoelswoorde om ons sielsverlangens in uit te druk. Ontgin die skoonheid van ons taal met u kind. Deel u eie vreugde in ons letterkunde met hom. Hy is nie te jonk daarvoor nie. *AS ONS NIE ONS EIE TAAL NA WAARDE AG EN OPPAS NIE, SAL NIEMAND ANDERS DIT VIR ONS DOEN NIE. EN ONTHOU: DIS NIE DIE EERSTE TAALSTRYD WAT DIE AFRIKANER STRY NIE!*

6. Laastens wil ons u rol as gesprekgenoot vir u kind beklemtoon. Eet u nog saam as 'n gesin aan tafel? Dis 'n wonderlike gesellige, rustige geleentheid om gedagtes uit te ruil, om u kind se menings te slyp en hom perspektief op die lewe te gee. Hier kweek u ook die waardestelsel waarmee u hom die lewe instuur. Hy leer om na ander te luister, en dit verruim sy gedagtewêreld deur te hoor wat ma en pa én broers en susters te sê het. Hy leer dat 'n mens van ander mag verskil op 'n beskaafde en sosiaal aanvaarbare manier. Dis nie die enigste plek waar hierdie sosiale omgang plaasvind nie, maar dis 'n baie belangrike plek.

***WISKUNDE***

1. Sorg dat die nodige boeke en skryfapparaat elke dag by die skool is.

2. Al die boeke wat huis toe gaan moet netjies gehou word.

3. Syfer- en lettervorming moet korrek en netjies wees.

4. Potlode moet skerp wees.

5. Lyne word met 'n liniaal getrek.

6. Datums, opskrifte en afgehandelde werk word onderstreep.

7. Tuiswerk word klassikaal en intensief deur die leerlinge gemerk en daarna deur die onderwyser gekontroleer – om selfdissipline en selfstandigheid te bevorder.

8. U word vriendlik versoek om nie boodskappe vir die onderwyser in die leerlinge se skrifte te skryf nie – skryf liewer 'n brief of spreek die personeellid persoonlik.

7\. Leerlinge moet asseblief hul tuisopdragte self voltooi – ouers tree ondersteunend op.

8\. Al die Wiskundeboeke word elke dag benodig.

9\. Tuiswerk word gegee op Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae. Die tuiswerk word op die bord geskryf, sodat leerlinge dit in hulle huiswerkboekie kan afskryf. Wanneer 'n leerling agter raak in die klas, sal hy/sy ongelukkig bietjie meer werk moet doen vir tuiswerk. **Ouers moet asseblief die dagboek teken om aan te dui dat u weet dis afgehandel.**

***BYVAKKE***

1. Die benadering by ons skool is dat hierdie vakke die leerder moet prikkel en sy belangstelling moet gaande maak in die wêreld om hom. Aardrykskunde en **Geskiedenis** is nie handboekgebonde nie, maar ondersoek veral dinge wat die kind interesseer. Die onderwysers ontgin verskeie bronne en stel hulle eie aantekeninge op. Werkskaarte word vir tuiswerk gegee en word bepunt. Die vakke word sterk visueel aangebied en die nuutste tegnologie word ingespan. Ons implementeer I-pads hierdie jaar.

2. In **Wetenskap** val die klem nie net op feite nie, maar ook op die toepassing van wetenskaplike beginsels in die praktyk. Hier werk die tegnologie saam om visueel en konkreet vas te lê wat in die klas gedoen word. In die ander grade bestaan die wetenskapeksamen dus altyd uit 'n geskrewe en 'n praktiese deel.

3. **Tegnologie** woeker met die leerlinge se handvaardigheid en dit gaan met baie kreatiewe denke gepaard. Diegene wat hier uitblink, is immers die entrepreneurs en innoverende denkers van die toekoms.

4. **Zoeloe** word aangebied met die klem op praat en verstaan. Mev. Sithebe oefen ons kinders se ore en tonge reeds van Graad 3 af. Vanaf Graad 4 help die geskrewe woord om woordeskat en sinstruktuur vas te lê.

5. Die emosionele en estetiese kant van elke leerling word verder ontwikkel en verfyn in die blootstelling aan **musiek en kuns** wat hulle weekliks ervaar. Om hulle te prikkel en te stimuleer, hou ons gereeld vasvrae binne huisverband, wat die kinders baie geniet. Daar is gereeld musiekkonserte en 'n jaarlikse kunsuitstalling, asook uitstappies na uitstallings, wat ons leerlinge verdere blootstelling gee. Die koor en indiwiduele musieklesse bied ook vir baie leerlinge 'n groter veld vir die ontwikkeling van hulle besondere talente. Ons hou van vanjaar af ook Ouer-Kind Vasvra-aande – kyk op die jaarprogram en woon dit by. Dis groot pret!

6. **Mediavaardighede** word in die biblioteek en rekenaarsentrum uitgebrei. Mev. Wilma de Clerk het 'n aansteeklike entoesiasme vir boeke en nooi gereeld buitemense om nuwe boeke aan ons leerlinge bekend te stel. Mnr. Fred van Zyl help hulle om behoorlik met die **rekenaar** vertroud te raak.

7. In **L.O**. en ons druk sportprogram skenk ons aandag aan die kinders se fisiese ontwikkeling. Dis ons beleid dat elke kind aan ten minste een somer- en een wintersport moet deelneem. Sorg dat hy/sy die korrekte sportdrag inpak en dat sy/haar sportsak ook reeds die aand voor die tyd langs die skooltas staan.

**Sluitkaste:** Elke leerling kry 'n sluitkas. Ons vra dat u u kind van 'n slot met drie sleutels, of 'n kombinasieslot vir die kas sal voorsien. Een sleutel is vir homself, een sleutel word by sy register-onderwyser gehou en 'n ander een by die terreinbestuurder.. Stuur sommer twee plastieksleutelhouertjies saam, sodat ons die sluitkasnommer daarop kan aanbring.

***Afsprake met personeel***: Ons vra dat u die bedagsaamheid sal toon om 'n afspraak met 'n personeellid te maak indien u ons oor 'n aangeleentheid wil sien. Dit spreek vanself dat ons nie ouers in klastyd kan sien nie, maar ons sal u enige tyd in 'n vry periode, tydens 'n pouse, voor of na skool te woord staan. Bel asseblief die kantoor en maak 'n afspraak.

**Mev. Wilma de Clerk is die Graad 4-voog**. Sy sal haar vergewis van die tuiswerk en enige langtermynprojekte of toetse wat vir Graad 4's gegee word. Kontak haar asb. per epos as u enige navrae het by media@jancelliers.co.za.

**The kids in our classroom are infinitely more significant than the subject matter we're teaching them (M. McCarty)**